

# 'n Gebed nadat uit die kategismus onderrig gegee is

O genadige, barmhartige God en Vader, ons dank U dat U dit goedgepink het om 'n genadeverbond met die gelowiges en hulle nageslag te sluit. U het hierdie verbond nie alleen deur die heilige doop verseël nie, maar U bevestig dit nog elke dag wanneer U hulle kinders u lof laat besing. So maak U die wyse mense van hierdie wêreld beskaamd.

Ons bid U, vermeerder u genade in hulle, sodat hulle in Christus, u Seun, gedurig sal toeneem en groei, totdat hulle die volle grootte van Christus in alle wysheid en geregtigheid bereik het. Gee ons ook u genade, dat ons hulle in u kennis en vrees onderrig, soos U ons beveel het. Gee dat deur hulle volkome toewyding aan U die ryk van die Satan verwoes word en die koninkryk van Jesus Christus in hierdie en ander kerke al hoe sterker word. Laat dit tot eer van u heilige Naam en tot hulle ewige saligheid geskied, deur Jesus Christus, u Seun en ons Here, wat ons geleer het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.